

27. Jesus vier Paasfees

Lukas 22 en Johannes 14 tot 17

Jesus het gekom om te dien

God se geregtigheid eis dat vir die mens se sondes betaal moet word. Jesus voldoen aan hierdie eis deur as Middelaar vir ons sondes te betaal. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Jesus is die Paaslam wat ter betaling van ons sondes geslag word.
- Die nagmaal word deur Jesus ingestel as teken daarvan dat Hy vir ons sondes betaal het.
- Jesus beloof 'n ander Trooster om by ons te kom bly, die Heilige Gees.

Die loon van die verraad

Judas Iskariot is nou moeg vir Jesus en sy geselskap. Lukas sê dat Satan in hom gevaar het. So gou as wat hy kan, sluip hy weg van die ander dissipels en gaan terug na die tempel om met die owerpriesters te onderhandel. Hy sal Jesus aan hulle uitlewer as hulle hom daarvoor betaal. Die owerpriesters en owerstes is baie verras toe Judas daar opdaag met sy aanbod. Hulle het besluit om Jesus êrens te laat doodmaak sonder dat die mense daarvan weet. Maar nou kom Judas sy hulp aanbied.

Judas weet presies wat Jesus gaan doen en kan op die regte tyd die gemene daad pleeg. Die onderhandelings lei tot 'n ooreenkoms. Hulle sal aan Judas die prys van 'n slaaf betaal, dit wil sê dertig silwerstukke.²²⁵ Hulle besef nie dat hulle deur hul optrede die profesie van Sagaria in vervulling laat gaan nie.²²⁶ Die owerpriesters weeg voor Judas sy loon van dertig silwerstukke af, maar hulle betaal hom nie vooruit nie. Van toe af soek Judas die regte oomblik om Jesus oor te lewer.

225 Eks. 21: 32 As die bees 'n slaaf of slavin stoot, moet hy aan hulle heer dertig sikkels silwer gee, en die bees moet gestenig word.

226 Sag. 11: 12 Daarop sê ek vir hulle: As dit goed is in julle oë, gee dan my loon; en so nie, laat dit dan staan. Toe het hulle my loon afgeweeg: dertig sikkels silwer.

Vorbereiding vir die Paasmaaltyd

Donderdag breek aan. Dit is die eerste dag van die ongesuurde brode. Die aand word die Paasmaaltyd gehou en daarna moet die volk sewe dae lank net ongesuurde brode eet. Dit is 'n groot werk om reg te maak vir die Paasmaaltyd. Die Pasga moet die volk herinner aan die uittog na die beloofde land, toe hulle eersgebore kinders beskerm is teen die dood van die eersgeborenes in Egipte.²²⁷ 'n Paaslam moet na die tempel geneem word om daar geslag te word. Die bloed word opgevang en op die altaar uitgegooi en die binnevet word as brandoffer verbrand. Geen been van die lam mag gebreek word nie.²²⁸ Die lam moet daarna huis toe geneem word sodat hulle hom kan braai.

Vroeg die Donderdag vra die dissipels vir Jesus waar hulle gereed moet maak om die Pasga, dit is die Paaslam, te eet. Jesus weet van Judas se planne, daarom wil Hy nie openlik 'n aanwysing gee nie. Hy wil nie gehinder word as Hy die Paasmaal saam met sy dissipels eet nie en daarom moet Hy die plek vir Judas geheim hou. Jesus roep die twee mees getroue dissipels, Petrus en Johannes, en gee hulle die opdrag om die maaltyd te gaan voorberei.

Hulle moet na die stad gaan; daar sal 'n man wees wat 'n kruik water dra. Hulle moet hom volg na die huis waar hy ingaan en aan die eienaar 'n saal vra waar die Meester met die dissipels die Pasga kan eet. Die twee dissipels doen soos Jesus gesê het en kom in die huis wat blykbaar aan 'n volgeling van Jesus behoort. Die man wys aan hulle 'n ruim bovertrek wat reeds reggemaak is. Teen die aand het Jesus en die ander tien by die plek aangekom waar Petrus en Johannes alles gereed gemaak het.

Die begin van die maaltyd

Wanneer die eerste drie sterre aan die hemel verskyn, word daar by die tempel drie maal op silwer trompette geblaas as teken dat die dag verby is en die groot dag van die Paasfees begin. Jesus en sy twaalf dissipels gaan sit aan tafel. Hy sê vir hulle dat Hy baie daarna verlang het om hierdie Pasga saam met hulle te eet, want Hy sal sekerlik nie meer daarvan eet voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie. Nadat Hy gedank het, neem Hy die

227 Eks. 12: 17 Onderhou dan die ongesuurde brode, want op daardie selfde dag het Ek julle leërs uit Egipteland uitgelei. Daarom moet julle hierdie dag in julle geslagte as 'n ewige insetting hou.

228 Num. 9: 12 Hulle moet daarvan niks laat oorbly tot die môre toe of 'n been daaraan breek nie; volgens die hele insetting van die pasga moet hulle dit hou.

eerste beker en sê vir hulle om dit onder mekaar te deel; want Hy sal sekerlik nie wyn drink voordat die koninkryk van God gekom het nie.

Twis oor rangorde

Die maaltyd het pas begin, toe die dissipels onderling begin stry oor wie waar moet sit aan die tafel. Hieroor is dikwels by maaltye gestry, veral onder die Fariseërs wat so gesteld was op hulle eer. Sommige dissipels is ook ontevrede met die plekke waar hulle moet sit. Weer moet Jesus verduidelik dat dit in die koninkryk van God anders is as in die wêreld. In die wêreld is die een wat aan tafel sit belangriker as die een wat bedien, maar in die koninkryk van God is dit andersom.

Hiervan is Jesus die voorbeeld, want Hy het gekom om te dien. As die dissipels op hierdie manier leef, sal daar ook loon vir hulle wees. Net soos die Vader vir Jesus 'n koninkryk beskik het, so beskik Hy ook vir die dissipels 'n koninkryk. Hulle sal eenmaal in Jesus se koninkryk aan sy tafel eet en drink en op twaalf trone sit om die stamme van Israel te oordeel.²²⁹ Daarom moet hulle hul beywer om liefdesdiens te verrig.

Jesus was sy dissipels se voete

Jesus wil aan sy dissipels die les van diens op so 'n wyse leer dat hulle dit nie weer sal vergeet nie. Hy wil ook aan hulle 'n finale daad van liefde bewys voordat Hy moet ly. Daarom trek Hy sy bo-klere uit en bind 'n linnedoek om Hom soos 'n slaaf. Dan gooi Hy water in 'n bak en begin om dissipels se voete te was, waarna Hy dit met 'n doek afdroog. Hulle is doodstil, te skaam en verbaas om iets te sê. Toe Hy by Petrus kom, wil Petrus weet of die Here ook sy voete gaan was, waarop Jesus antwoord dat hy nie nou sal verstaan wat Hy doen nie, maar dat hy dit later sal verstaan.

Petrus is vasbeslote dat Jesus sy voete in der ewigheid nie sal was nie. Jesus sê egter vir Petrus dat as hy deel aan Hom wil hê hy moet toelaat dat Jesus sy voete was. Hierop sê Petrus dat die Here nie net sy voete nie, maar ook sy hande en sy hoof moet was. Maar die Here antwoord dat hy wat gewas is, heeltemal rein is en net sy voete hoef te was. Hulle is rein,

229 Op. 20: 4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.

maar nie almal nie. Ja, die Here weet wie Hom sal verraai, daarom sê Hy dat nie almal rein is nie.

Nadat Hy weer gaan sit het, maak Hy aan hulle duidelik wat die betekenis van die voetwassing is. Hulle moet nou mekaar se voete was en die nederigste werk vir mekaar doen en nie probeer om oor mekaar te heers nie. Die Here sluit sy woorde af met die hartseer gedagte dat Hy nie van hulle almal praat nie. Hy weet wie Hy uitverkies het. Sodat die Skrif vervul kan word, verklaar Hy dat sy verraaiers saam met Hom aan tafel sit en saam met Hom gaan eet.²³⁰

Judas word as die verraaiers aangewys

Die maaltyd begin, maar dit is duidelik dat Jesus ontsteld is. Hy moet dit verdra dat Judas maak asof hy 'n getroue dissipel is en saam met hulle daar aan tafel is, terwyl sy hart vol moordplanne is. Later sê Hy reguit dat Hy ontsteld is omdat een van hulle wat saam met Hom eet, Hom sal verraai. Die dissipels is geskok en vra een na die ander vir die Here: "Is dit miskien ek, Here?" Die Seun van die mens gaan wel die pad loop soos daar van Hom geskrywe is, maar dit sou vir die een wat Hom verraai, goed gewees het as hy nooit gebore was nie.

Petrus gee aan Johannes 'n teken dat hy Jesus moet vra om die persoon aan te wys. Johannes leun terug op die bors van Jesus en stel aan Hom die vraag. Daarop antwoord Jesus aan Johannes dat dit die persoon is aan wie Hy die stukkie brood sal gee nadat Hy dit in die bitter sous gedoop het. Judas maak ook asof hy ontsteld is oor die uitspraak van Jesus en probeer hom onskuldig hou. Hy buig ook oor na Jesus en vra of dit miskien hy is. Op daardie oomblik gee Jesus die stukkie brood aan Judas en sê: "Jy het dit gesê."

Toe Judas die stukkie brood neem, vaar die duiwel in hom. Jesus sê vir hom dat wat hy moet doen hy vinnig moet doen. Die ander dissipels begryp nie wat die Here bedoel nie en dink dat Hy Judas stuur om iets te gaan koop. Judas self staan dadelik op en gaan uit in die nag om met die owerpriesters te gaan reël om Jesus te vang.

230 Ps. 41: 10 Selfs die man wat met my in vrede lewe, op wie ek vertrou het, wat my brood eet, het die hakskeen teen my opgelig.

Die instelling van die nagmaal

Nadat Judas weg is, word alles rustig. Jesus weet dat sy tyd nou baie kort is. Hy neem vir die laaste keer 'n stukkie brood en, nadat Hy gedank het, breek Hy dit en sê: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis." Net so neem Hy die beker ná die maaltyd en sê: "Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word."

Hiermee stel die Here die heilige nagmaal in wat in die plek van die Pasga gekom het. Die paaslam is nou nie meer nodig nie, want ons ware Paaslam, Jesus Christus, is vir ons geslag.²³¹ Nou hou ons die nagmaal tot sy gedagtenis en ons word deur die Heilige Gees innerlik gevoed en gelaaf deur die gemeenskap met Hom.

Jesus neem afskeid van sy dissipels

Diep bewus van die lyding wat Hy binne enkele ure moet ondergaan, praat Jesus met sy dissipels. Tog is sy woorde nie vol van angs of benoudheid nie, maar van oorwinning. Die uur van sy verheerliking het aangebreek en die Vader word ook verheerlik deur die dinge wat met die Seun sal gebeur. Hierdie verheerliking sal dadelik begin. Die lyding wat Hy moet deurgaen, ook om as 'n misdadiger aan die kruis te sterf, sal in die raad van God 'n verheerliking wees. Daardeur voer die Seun die heilsplan van God uit en open Hy die weg tot heerlikheid vir almal wat deur die geloof die heil wil aanvaar.²³²

Aan sy dissipels sê Jesus dat dit nog net 'n klein tydjie is voordat Hy van hulle weggaan. Hulle sal Hom soek, maar waar Hy heengaan, kan hulle nie kom nie. Met die oog op die tyd waarin Jesus weg sal wees, gee Hy nou aan hulle, en deur hulle aan sy kerk, 'n nuwe opdrag waarvolgens hulle hul lewens moet inrig. As belangrikste voorskrif gee Jesus die opdrag dat hulle mekaar moet liefhê. Hy het self die voorbeeld gestel deur hulle lief te hê en het dit aan die begin van die maaltyd bevestig deur hulle voete te was. Nou moet hulle hulself aan die wêreld bekend maak deurdat hulle mekaar liefhet. So sal die wêreld weet dat die dissipels aan Jesus behoort.

231 1 Kor. 5: 7 Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees - soos julle inderdaad ongesuur is - want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.

232 Fil. 2: 8 en 9 en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is,

Hy gaan van hulle weg, maar hulle moet nie verskrik raak nie. Hy gaan na die huis van die Vader om daar vir hulle plek reg te maak en kom dan weer om hulle ook daarheen te neem. Hulle moet dus hier op aarde leef soos mense wat op pad is na die Vaderhuis in die hemel.

Op 'n vraag van Thomas dat Jesus hulle die weg daarheen moet wys, antwoord Jesus dat Hy die weg en die waarheid en die lewe is. Hyself is die weg wat lei na die Vader, niemand kan na die Vader kom behalwe deur Hom nie. Op 'n vraag van Filippus dat Hy aan hulle die Vader moet wys, antwoord Hy wie Hom gesien het, het ook die Vader gesien, omdat Hy en die Vader een is. Dit kan mens sien uit sy werke. Nou belowe Hy hulle dat hulle groot werke in sy Naam sal kan doen, omdat Hy alles aan hulle sal skenk wat hulle in die gebed van Hom vra. So sal hulle op aarde al kan leef uit die hand van die Vader.

Belofte van die Heilige Gees

Wanneer Jesus na die Vader gaan, sal Hy sy volgelinge nie as wese agterlaat nie. Hy sal die Vader bid om 'n ander Trooster, die Heilige Gees, na hulle te stuur.²³³ Die Trooster sal in die plek van Jesus by hulle woon. Hy sal teenwoordig wees in die gelowiges en deur Hom sal die Vader en die Seun na hulle kom om by hulle te woon. Die Trooster sal hulle ook herinner aan alles wat Jesus gesê het en hulle help om die dinge te verstaan wat hulle nou nog nie verstaan nie. Ook sal die Trooster aan hulle die hemelse vrede in die hart skenk.²³⁴ Dit sal die angs en ontsteltenis wegneem, ook wanneer Satan hulle aanval, want hy gaan aan met sy stryd teen Christus.

Jesus vertel nog 'n kort gelykenis. Hy is die ware wynstok en sy Vader die landbouer. Elke loot wat nie vrug dra nie, word weggesny en elke loot wat vrug dra, word gesnoei sodat dit meer vrugte kan dra. Hiermee verduidelik die Here dat al is Hy in die hemel, die dissipels en alle gelowiges aan Hom verbind bly, as deel van die wingerdstok waarvan Hy die stam en hulle die lote is. Hulle sal aan beproewing onderwerp word, want die landbouer, die Vader, snoei sy wingerd. Die wil van die Vader is dat hulle baie vrugte moet dra. Dit kan hulle alleen doen deur die innige band tussen loot en stam lewend te hou deur in liefde te bly.

233 Rom. 5: 5 en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

234 Rom. 14: 17 Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydschap in die Heilige Gees.

Die wêreld sal hulle haat en vervolg, omdat die wêreld die Here Jesus gehaat het en 'n slaaf nie belangriker is as sy eienaar nie. Juis omdat hulle deur Jesus uitgestuur is, sal hulle getuieis teengestaan en hulleself gehaat word, maar die Trooster sal hulle bystaan en self deur hulle getuig, want hulle is van die begin af by Jesus. Hierdie dinge sê Jesus vooruit sodat wanneer dit gebeur, die dissipels nie ontrou sal word nie. Hulle vervolgers sal hulle uit die sinagoges ban en hulle doodmaak, want hulle sal dink dat hulle aan God 'n diens bewys. Saulus is later 'n sprekende voorbeeld hiervan.²³⁵ As dit gebeur, moet hulle vasstaan en besef dat die Trooster met hulle is.²³⁶

Die dissipels verstaan nie wat Hy bedoel met: “ 'n Klein tydjie en julle sien My nie en weer 'n klein tydjie en julle sal My sien.” Toe Jesus sien dat hulle met mekaar daaroor praat, sê Hy dat hulle hartseer sal wees en huil, maar die wêreld sal bly wees. Dit sal net vir 'n kort tydjie wees dan sal hulle hartseer in blydschap verander word. Jesus gaan weg, maar kort daarna sal hulle Hom weer sien en dan sal hulle harte vol blydschap wees wat niemand ooit weer van hulle sal kan wegneem nie. Dit het Hy gesê met die oog op sy dood en opstanding.

Die hoëpriesterlike gebed

Jesus se gesprek met die dissipels loop vanself uit op 'n roerende gebed. Daarin bring Jesus sy voltooid dienswerk op aarde voor die Vader. Pleitend tree Hy in vir die wat aan Hom behoort. Sy oog is ook op die toekoms gerig en op die uitbreiding van die kerk onder alle volke en Hy bid vir hulle eenheid in Christus. Ten slotte bid Jesus dat hulle wat aan Hom behoort ook eenmaal saam met Hom kan wees en sy heerlijkheid kan sien. Maar vir die tyd wat hulle nog op aarde moet vertoef, bid Hy dat die liefde van God in hulle mag woon en Hyself in hulle mag bly.

Dit is reeds middernag. In die lig van die volmaan gaan hulle uit die stad na die tuin van Getsemane.

235 Hand. 8: 3 Maar Saulus het die gemeente verwoes en in die huise gegaan en manne en vroue uitgesleep en in die gevangenis oorgelewer.

236 2 Tim. 2: 3 Ly dan verdrukking soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus.

Aanbevole leesstukke:

BOOYENS, M.J. 2005. Laat my lammers wei. Pretoria: EFJS Drukkers
202 - 205 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe
Testament. Pretoria: DBU. 352 - 367 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU.
647 - 654 p.